

TOOR MET MOSAÏEK

Maak jou stortvloer mooi met Cashbuild se selfdoen-wenke vir die lê van keramiek-mosaïekteëlplate

KERAMIEK-mosaïekteëlplate is 'n mooi en maklike manier om jou stortvloer op te kikker. Alles wat jy nodig sal kry om die takie met min moeite af te handel is by Cashbuild, jou verbruikerskampioen, te kry. Volg hierdie maklike stappe en teël jou stortvloer binne 'n paar uur.

JY BENODIG:

'n Stuk gereedskap met reguit rande vir skraapwerk, keramiek-mosaïekteëlplate, maatband, nutsmes, teëlsnyer, veiligheidsbril, WB11- of WB9-teëlsement en kleefvloeistof, troffel vir messelwerk, 'n lap of spons, voegbry, vryfplank.

NOTAS:

- Vir die beste resultaat, meng teëlsement met kleefvloeistof pleks van water om 'n waterdig-effek aan die teëlsement te gee.
- Vir die beste resultate moet die voegbry se kleur so na as moontlik aan die kleur van die teëls wees.

STAP 1: SPRING WEG

Begin deur die beton-stortvloer met 'n stuk gereedskap met reguit rande gelyk te maak. Skraap heen en weer tot die oppervlak heeltemal glad is en maak die vloer dan skoon deur oortollige vullis met 'n nat lap of spons af te vee.

STAP 2: RAAK KREATIEF

Keramiek-mosaïekteëlplate is maklik om te sny – jy kan bloot die vloer meet, die teëls volgens die grootte sny en hulle lê (sien prentjie 1 hieronder). Kies 'n patroon wat by die styl van die res van jou badkamer pas



FOTO: STEGE TILUSTRASIE PICTURE PRESS/PHOTACCESS

of wees kreatief en ontwerp jou eie mosaïek deur plate in verskillende stukke te sny en hulle in 'n patroon van jou keuse te lê.

STAP 3: TOETSLOPIE

As jy op 'n patroon besluit het, kan jy jou nou vir die uitleg daarvan voorberei. Posisioneer die keramiek-mosaïekteëlplate op die droë oppervlak om die uitleg op die stortvloer te toets en uit te werk hoeveel halwe teëls jy nodig het om die gapings te vul. As jy sukkel om 'n plaat

teëls te laat plat lê, draai dit om en sny dit net met 'n nutsmes sodat jy die teëls makliker by die regte plek kan inskuif.

STAP 4: SNY DIT

Gebruik die teëlsnyer om die halwe teëls te sny. NB: Dra 'n veiligheidsbril wanneer jy teëls sny om jou oë teen skerwe te beskerm.

STAP 5: MENG DIT

Volg die instruksies om 'n mengsel kleefmiddel voor te berei.

STEP 6: LAAG VIR LAAG

Wend die kleefmiddel aan met 'n troffel, versprei dit om 'n laag van sowat 5 mm dik te vorm.

STAP 7: AMPER DAAR

Druk die plate teëls op hul plek op die kleefmiddel (prentjie 2) vas en wikkel hulle liggies om hulle beter te laat heg. Wanneer die plate op die regte plek is, lê die halwe teëls om die rande.

STAP 8: NET 'N PAAR MINUTE

Laat die kleefmiddel vir sowat 20 minute stol. Vee die teëls met 'n klam lap of spons (prentjie 3) af sodat jy die papierlaag bo-op die teëls daarna makliker kan aftrek. Vee oortollige kleefmiddel met die spons of lap af.

STAP 9: WAG 'N BIETJIE

Wag 48 uur vir die kleefmiddel om volkome hard te word. Meng die voegbry-poeier volgens die instruksies op die pakkie en wend dit aan deur dit met 'n vryfplank tussen die teëls in te druk (prentjie 4). Verwyder die oortollige voegbry en vee dit met 'n klam spons af sodat jy 'n gladde, skoon oppervlak het.

Besoek jou naaste Cashbuild-winkel vir keramiek-mosaïekteëlplate en al die gereedskap wat jy vir hierdie taak sal nodig kry. Cashbuild-winkels is gerieflik regoor Suider-Afrika geleë. Vir navrae of om jou naaste winkel op te spoor, bel Cashbuild se Sharecall-nommer by 0860-100-582.

Cashbuild
 GEHALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE
 191 winkels en ons groei steeds dwarsoor suidelike Afrika

